

26 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:1-10
Fokusgedeelte: Galasiërs 1:4
HK, Vraag 85

Bekering verlos jou van jousef

Ons leef in 'n "goddelose wêreld", sê Paulus in ons teksvers. Dit beteken 'n slegte, bese en verdorwe wêreld. Christus, sê die apostel, het ons "verlos uit hierdie goddelose wêreld". Dit beteken dat Christus ons gered het van ons sondige natuur, met ander woorde van onself. Dit moet elke mens aanvaar en glo. Die gevolg is ... bekering!! Bekering is om jou te "steur" aan die vermaning (tug) van die Woord van God en van jou naaste (HK 31:85).

Die heerlike gevolg van bekering en tug, as sleutel van die kerk vir die oop- of toesluit van die koninkryk, is dat ons nuwe mense is, verlos en bevry van boosheid en sonde. Om jou dus te "steur" aan die vermaning van God se Woord is soos kabbelende water wat rus en vrede gee. Dit is Goddelike genade wat jou losruk uit die kake van godloosheid en sonde.

Só roep die Woord van God ons op tot 'n herbeoordeling van die vermaning uit die Woord. Is dit jou erns om gehoor te gee aan God se vermaning? Is dit vir jou belangrik dat jy sal luister as iemand deur die Woord jou sonde aantoon? Indien wel, dan sal elkeen van ons se lewe, woorde en daede moet staan in die teken van ons verlossing deur Christus.

Tug en vermaning bring dus bevryding, in die eerste plek van jousef, maar ook van die "goddelose wêreld" en van die duiwel. Daarvoor kan geen mens God ooit genoeg dank nie!

Sing: Psalm 146:2, 3, 6

Ds. NWLigthelm (Pretoria-Alkantrant)

~~~~~